Stalletjie Navrae:
Martie Pelser

072 6999 255

stalletjies@koedoefees.co.za

Koedoefees Uitstaller Aansoekvorm

Voorwaardes en Reëls (Bl 1 - 3)

Uitstaldatums: 13 & 14 Junie 2025
Sluitingsdatum vir inskrywingsvorms: Woensdag, 05 Junie 2025
Fees Hektoegang: Gratis

Keuringsproses:
Om al die uitstallers `n regverdige kans te gee en oorvleueling van produkte te voorkom (duplikaat stalletjies) is al die stalletjies afhanklik van vooraf goedkeuring. Na afloop van die indiening van die inskrywingsvorms sal elke stalletjie in hierdie verband gekontak word.

Kosstalletjies moet ook aan die plaaslike, asook enige ander toepaslike wetgewing en gesondheids- en Covid-19 regulasies voldoen. Kosstalletjiehouers, wat met gas, elektrisiteit, vuur of enige ander gaarmaakmetode werk, moet hulle eie brandblussers voorsien en voorsiening maak vir verkoelingstoerusting vir bederfbare produkte. Alle kosstalletjies wat gebruik maak van enige tipe olie-braaiers moet `n vuurkombers hê.

Kragpunt:
`n Kragpunt is teen **R100 addisionele koste** vir die 2 dae beskikbaar, maar moet asb. vooraf gespesifiseer en bevestig word. Eie verlengkoorde en "multi-prop/pe) moet voorsien word. **LW: Geen 3-fase kragpunte word voorsien nie. `n Beperkte hoeveelheid kragpunte is beskikbaar. Bespreek u stalletjie en spesifiseer u kragpunt vroegtydig om teleurstelling te voorkom.**

Uitstaltye:
Die Koedoefees open amptelik Vrydag, 13 Junie om 11:00. Uitstallers kan Vrydag, 13 Junie 2025 hulle stalletjies registreer tussen 8:00 en 10:00. Die stalletjies moet asb teen 10:45 reeds opgeslaan en gereed wees. Geen stalletjies mag sonder toestemming van die Organiseerders voor 15:00 op 13 Junie 2025 en 13:00 op 14 Junie 2025 ophou handeldryf nie. Spesifiseer asb op die "Persoonlike besonderhede" vorm indien u verkies om net een van die twee dae uit te stal. Die uitstalkoste sal onveranderd bly.

Die stalletjies mag nie op Sondag, 15 Junie 2025 verkope gedoen nie. Daar sal slegs `n erediens in die Kerkgebou wees om die Fees mee af te sluit.

Geen persone word sonder magtiging toegelaat om op die terrein te oornag nie.

Stalletjiehouers is verantwoordelik vir die netheid van hul stalletjies en word vriendelik versoek om toe te sien dat die uitstalruimte weer netjies en opgeruim is voordat daar van die feesterrein af vertrek word.

Plasing en Betaling:
Stalletjie koste: R200 per stalletjie (3mx3m).
Die organiseerders behou die reg om aansoeke goed te keur of af te wys.
Uitstallers goedkeuring word gedoen sodra die deposito van 50% gedoen is.
Stalletjie plasings word bevestig sodra die volle gelde betaal is.
Indien die volle stalletjiefooi nie voor die fees ontvang is nie, sal die uitstalruimte aan 'n ander uitstaller beskikbaar gestel word.

Die volle uitstallersfooi is teen 05 Junie 2025 betaalbaar. Indien U die uitstalruimte sou kanselleer sal daar 'n 30% kansellasiefooi gehef word. Geen gelde sal terugbetaal word, indien u die uitstalruimte na 05 Junie 2025 kanselleer nie.

Die bankbesonderhede is soos volg:

NG Koedoeskop
ABSA Tjek Rek: 1580580064
Tak: 632 005
Verw: "Stalletjie" + Naam
Stuur bewys van betaling aan stalletjies@koedoefees.co.za

Uitstalruimte:
Stalletjies is 3mx3m groot. Indien u 'n groter stalletjie verlang, kontak ons gerus. Eie Gazibo/s en grondbedekking, tafels en stoele moet voorsien word.

Voertuie:
Alle voertuie wat nie deel uitmaak van u uitstalling nie, moet Vrydag, 13 Junie 2025 teen 10:45 vanaf die feesterrein verwyder word. Waentjies moet deel van die stalletjie vorm of verwyder word na die parkeerarea. Geen voertuie sal op die terrein toegelaat word nie. Alle voertuie moet asb. in die parkeerarea parkeer word.

Sekuriteit:
Die Koedoefeesterrein & Koedoeskop Gemeenskapskerk (NG Kerk) word saans gesluit en geen ongemagtigde persone word op die terrein toegelaat nie. Daar is sekuriteitsmense wat ad hoc rondom die perseel patrolleer. Geen aanspreeklikheid vir enige verliese of skade word aanvaar nie.

Verblyf:
Stalletjiehouers is verantwoordelik vir hul eie reis, verblyf reëlings en kostes.

Verbreking:
Indien enige uitstaller enige voorwaarde verbreek, of aan wangedrag skuldig is, sal die organiseerders geregtig wees om die uitstaller te versoek om enige items te verwyder, enige handeling, aktiwiteit of gedrag te stop of te verrig, of gehoor te gee aan enige reël, versoek, of opdrag, die uitstaller versoek om die terrein en stalletjie onmiddellik te ontruim, of dit te laat ontruim. Die uitstaller sal ook enige voordeel en / of betaling verbeur, en mag die organiseerders ook enige verbode items konfiskeer. Die uitstaller mag ook registrasie van toekomstige feeste geweier word.

Stalletjie-finansies
Elke uitstaller is verantwoordelik vir sy/haar eie kontant/kaartfasiliteite. 'n OTM is beskibaar by Obaro op Koedoeskop.

Algemeen:

Geen artikels wat aanstoot mag gee, hetsy in woorde of vorm sal toegelaat word nie.

Vrywaring:
Uitstallers en Besoekers aan Fees
Die Koedoefees gehou te Koedoeskop Gemeenskapskerk (NG Kerk) word betree op eie risiko en onderworpe aan die Reëls van die Organiseerders en Koedoedoeskop Gemeenskapskerk (NG Kerk). Die Organiseerders en Koedoeskop Gemeenskapskerk (NG Kerk), die borge, asook die bestuur en werkers aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade, verlies, dood en / of besering nie. Die applikant vrywaar werknemers, die organiseerders, Koedoeskop Gemeenskapskerk (NG Kerk), die borge asook die bestuur en werkers vir enige skade, verlies, dood en / of besering. Met betreding van perseel word toegestem in persoon, as ouer / voog, en behoorlik daartoe gemagtig deur enige gade, word onherroeplik toestemming verleen dat ek / ons / die minderjarige aan al die aktiwiteite van die Fees mag deelneem. Die werknemers, organiseerders, Koedoeskop Gemeenskapskerk (NG Kerk), die borge en kunstenaars word gevrywaar en indemniseer van enige eis wat ek / ons / die minderjarige mag verkry voortspruitend uit, en opgedoen op enige wyse, hetsy voortspruitend uit die betreding, deelname aan aktiwiteite, bywoning van verrigtinge, besoek aan diere, of andersins op enige ander wyse opgedoen, ingesluit verlies of besering of dood, en hou die entiteite skadeloos. Ek / ons is bewus dat diere contra naturam mag optree, ongeag of hulle opgeleide diere is, en moet te alle tye as gevaarlik beskou word.

Ek / ons is bewus dat daar geen diensverhouding tussen die uitstallers, kunstenaars, verskaffers van vermaaklikheid, eienaar van die eiendom en die Organiseerders van die Fees bestaan nie.
Ek / ons / die minderjarige betree die eiendom en neem deel aan aktiwiteite op eie risiko, en welke risiko ek namens myself / onsself en die minderjarige aanvaar. Ek stem gevolglik toe tot moontlike benadeling, en is bewus dat ek / ons die minderjarige skade, verlies en of besering, asook lewensverlies mag ly uit deelname aan aktiwiteite en / of uit betreding van die eiendom.
Ek / ons is vertroud met die gevolge van hierdie afstanddoening, verstaan dit en doen dit uit vrye wil en sonder enige beïnvloeding of oorreding. Die Aansoeker sal sy eie regsaanspreeklikheidsversekering uitneem en daarvoor verantwoordelik wees. Afskrifte van versekering sal aan die Organiseerders verskaf word. Die Organiseerders behou die reg voor om te eniger tyd die Reëls en Voorwaardes sonder kennisgewing te wysig.

Let asseblief daarop dat met ondertekening van aansoek word bevestig dat die applikant vertroud is met die voorwaardes en reëls, en dit aanvaar. Alle voltooide aansoeke asook die bladsy, moet behoorlik onderteken en per e-pos teruggestuur word na stalletjies@koedoefees.co.za.

LW: Moet asb nie die Voorwaardes en Reëls (Bl 1 - 3) terugstuur nie. Stuur slegs bladsy 4 terug.

Lees asseblief die Algemene Voorwaardes en Reëls voordat u hierdie vorm voltooi en let veral op die vrywaring.

PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN KONTAK PERSOON

Volle Naam en Van:				
ID No:				
Naam van Besigheid:				
Produk beskrywing: *Volledige lys van goedere wat u te koop aanbied moet voorsien word. Indien die spasie nie genoeg is nie, heg 'n aparte lys aan* *(Sluit asb foto's in)*				
Aandag alle kosstallietjies: *Beskryf u spyskaart volledig: (Kos en drinkgoed)*				
Kontakbesonderhede:	**Selfoon:**		**Epos:**	
Uitstalruimte:	Merk asb u uitstalspasie wat u benodig met 'n X. Ons kan ongelukkig nie 'n halwe tafel en halwe vloerspasie aan 'n uitstaller verskaf nie. Ons sal ons bes probeer om aan die versoeke te voldoen, maar ons behou die reg voor om uitstalspasie en ruimtes na diskressie toe te ken. *Uitstalkoste is voorafbetaalbaar in Kerk se rekening in.* Indien u 'n ander grootte uitstalruimte (groter as 2 tafels) benodig, kontak asb Martie (072 6999 255). NG Koedoeskop | ABSA Tjek Rek: 1580580064 | Tak: 632 005 | Verw: 'Stalletjie + Naam'				
	3x3 meter R200.00		**Groter (Kontak ons)**	
Ander versoeke: *Merk met X*	Kragprop		Ander	
	Spesifiseer Ander			
Het u al voorheen by 'n Koedoefees uitgestal? *Indien ja, watter jaar/e.*				

Koste uiteensetting:	**ITEM**	**HOEV**	**BEDRAG**	**TOTAAL**
	Stalletjie-fooi (3m x 3m)		R 200.00	
	Kragpunt		R 100.00	
	Ander:			
			TOTAAL:	

Hiermee verklaar ek dat ek die voorwaardes en reëls gelees, dit verstaan en aanvaar het.

_____ _____

Handtekening van Aansoeker Datum